

Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
(die maatskappy)

AANVULLING TOT KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING: INSLUITING VAN VERDERE SPESIALE BESLUIT EN VERVANGING VAN VOLMAGVORM

By die 2015 algemene jaarvergadering van Remgro Beperk (die maatskappy) wat gehou sal word op Maandag, 23 November 2015, om 10:30 in die konferensiesentrum, Erinvale Estate Hotel & Spa, Lourensfordweg, Somerset-Wes, 7130 (algemene jaarvergadering), sal die volgende verdere spesiale besluit oorweeg word, en indien goedgevind, met of sonder wysiging aangeneem word, bo en behalwe die gewone en spesiale besluite uiteengesit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat op bladsye 114 tot 119 van die geïntegreerde jaarverslag wat hierdie kennisgewing vergesel (geïntegreerde jaarverslag):

ALGEMENE MAGTIGING VIR VERLENING VAN FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE INSKRYWING EN/OF AANKOOP VAN SEKURITEITE IN DIE MAATSKAPPY OF IN VERWANTE OF ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPYE

SPESIALE BESLUIT NOMMER 4

Besluit dat die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word ingevolge artikel 44(3)(a)(ii) van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, (die Maatskappywet), as 'n algemene magtiging (welke magtiging in plek sal wees vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van aanname van hierdie Spesiale Besluit Nummer 4), om die maatskappy te magtig om finansiële bystand te verleen deur 'n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins aan enige verwante en/of onderling verwante maatskappy van die maatskappy ("verwante" en "onderling verwante" het hierin die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 2 van die Maatskappywet) en/of aan enige finansierder van die maatskappy of enige van sy verwante of onderling verwante maatskappye vir die doeleindes van, of in verband met, die inskrywing vir enige opsie, of enige sekuriteite, wat deur die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy van die maatskappy uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van enige sekuriteite van die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy van die maatskappy, op die terme en voorwaardes en vir die bedrae soos wat die direksie mag bepaal.

Die direksie onderneem dat hy nie 'n besluit sal aanneem om sodanige finansiële bystand te verleen nie, tensy die direksie tevrede is dat –

- onmiddellik na die verlening van die finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die solvensie-en-likiditeitstoets soos beoog in die Maatskappywet; en
- die voorgestelde terme waarvolgens die finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die maatskappy is.

Die hoofdoel van hierdie magtiging is om aan die direksie van die maatskappy die magtiging te verleen om die maatskappy te magtig om finansiële bystand te verleen aan die finansierders van die groep vir die doeleindes van die inskrywing en/of aankoop van aandele in filiale van die maatskappy, ten einde die aktiwiteite van die groep te finansier.

VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 4

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 4 is om aan die direksie van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen vir die maatskappy om finansiële bystand te verleen aan sy verwante en onderling verwante maatskappye en/of finansierders van die groep vir die doeleindes van die inskrywing vir opsies en/of sekuriteite wat deur die maatskappy of sy verwante of onderling verwante maatskappye uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van sekuriteite van die maatskappy of sy verwante of onderling verwante maatskappye, ten einde die aktiwiteite van die groep te finansier.

GOEDKEURING VEREIS VIR BESLUIT

Spesiale Besluit Nummer 4 vereis die goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluit deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepaling van die Maatskappywet, die akte van oprigting van die maatskappy en die noteringsvereistes van die beurs bedryf deur JSE Beperk.

VERVANGING VAN VOLMAGVORM

Aandeelhouders wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het, wie 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes wil benoem om die algemene jaarvergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem, moet die gewysigde volmagvorm hierby aangeheg gebruik wat die volmagvorm vervang wat by die kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat op bladsye 114 tot 119 van die geïntegreerde jaarverslag aangeheg was. Volmagvorme moet ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Vrydag, 20 November 2015, om 10:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

Volmagvorme moet slegs deur aandeelhouders voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het.

In opdrag van die direksie.

M Lubbe

Maatskappysekreteraris

Stellenbosch

23 Oktober 2015

Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienuommer 1968/006415/06)

(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)

(die maatskappy)

VERVANGENDE VOLMAGVORM

HIERDIE VOLMAGVORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:

- GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN**
- GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN "EIE NAAM" GEREGEREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE ONGESERTIFISEERDE SEKURITEITEREGISTER.***

* Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan.

Vir voltooiing deur bogenoemde geregistreerde aandeelhouders wat gewone aandele van die maatskappy hou (aandeelhouer) en welke aandeelhouders nie die 2015 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Maandag, 23 November 2015, om 10:30 in die konferensiesentrum, Erinvale Estate Hotel & Spa, Lourensfordweg, Somerset-Wes, 7130, gehou word (die algemene jaarvergadering) kan bywoon nie.

Ek/Ons _____

die houers van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee (verwys na aanwysing 1 op die keersy)

- _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
- _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
- die voorsitter van die algemene jaarvergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om namens my/ons die algemene jaarvergadering van die maatskappy by te woon en daar, of by enige verdagting daarvan, namens en ten behoeve van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys na aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

Gewone besluite	Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel)		
	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Heraanstelling van ouditeur			
3. Verkiesing van direkteur – mnr W E Bührmann			
4. Verkiesing van direkteur – mnr G T Ferreira			
5. Verkiesing van direkteur – mnr F Robertson			
6. Verkiesing van direkteur – mnr J P Rupert			
7. Verkiesing van direkteur – mnr H Wessels			
8. Verkiesing van direkteur – me S E N de Bruyn Sebotsa			
9. Aanstelling van lid van die oudit-en-risikokomitee – mnr N P Mageza			
10. Aanstelling van lid van die oudit-en-risikokomitee – mnr P J Moleketi			
11. Aanstelling van lid van die oudit-en-risikokomitee – mnr F Robertson			
12. Aanstelling van lid van die oudit-en-risikokomitee – me S E N de Bruyn Sebotsa			
13. Aanstelling van lid van die oudit-en-risikokomitee – mnr H Wessels			
Spesiale besluite			
1. Goedkeuring van direkteure se vergoeding			
2. Algemene magtiging vir die terugkoop van aandele			
3. Algemene magtiging vir verlening van finansiële bystand aan verwante en onderling verwante maatskappye en korporasies			
4. Algemene magtiging vir verlening van finansiële bystand vir die inskrywing en/of aankoop van sekuriteite in die maatskappy of in verwante of onderling verwante maatskappye			

Geteken te _____ op _____ 2015

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____

(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en aanwysings op die keersy hiervan.

AANTEKENINGE

1. Aandeelhouer wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem is geregtig om een of meer gevolmagtigdes te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n geregistreerde aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.
2. By stemming by wyse van 'n opsteek van hande, is elke persoon wat teenwoordig is en geregtig is om stemregte uit te oefen, geregtig op een stem, ongeag die aantal stemme wat daardie persoon andersins geregtig sou wees om uit te oefen. By stemming per stembrief, is elke houër van gewone aandele geregtig op een stem per gewone aandeel gehou en elke houër van B gewone aandele is geregtig op 10 stemme per B gewone aandeel gehou.
3. Eie naam geregistreerde aandeelhouders is aandeelhouders wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Beperk aangestel het as hul Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer (CSDP) met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele **in hulle eie naam** in die elektroniese ongesertifiseerde sekuriteiteregister geregistreer moet word.

AANWYSINGS VIR DIE ONDERTEKENING EN INLEWERING VAN DIE VOLMAGVORM

1. 'n Aandeelhouer mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deuring van "die voorsitter van die algemene jaarvergadering", maar enige sodanige deuring moet deur die aandeelhouer geparafeer word. Indien hierdie spasie/s oopgelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene jaarvergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.
2. 'n Aandeelhouer moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X", of die aantal stemme wat die aandeelhouer wil uitoefen, in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene jaarvergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die aandeelhouer geregtig is. 'n Aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.
3. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensity dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die oordragsekretaris aangeteken is.
4. Ten einde geldig te wees moet voltooid volmagvorms ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Vrydag, 20 November 2015, om 10:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.
5. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensity dit reeds by die oordragsekretaris aangeteken is, of die voorsitter van die algemene jaarvergadering daarvan afstand gedoen het.
6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke aandeelhouer belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene jaarvergadering by te woon en self daar te praat en te stem in die plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.
7. Die aanstelling van 'n gevolmagtigde ingevolge hierdie volmagvorm is herroepbaar ingevolge die bepalinge van artikel 58(4)(c) saamgelees met artikel 58(5) van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en 'n aandeelhouer mag gevolglik hierdie volmagaanstelling herroep deur dit skriftelik te kanselleer, of deur 'n latere teenstrydige aanstelling van 'n gevolmagtigde te maak, en die lewering van 'n afskrif van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en die maatskappy.
8. Geen parawe is nodig wanneer blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi word nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.
9. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is rakende die wyse waarop die aandeelhouer wens te stem.